

5 Augustus

**Skrifgedeelte: Jakobus 3
Fokusgedeelte: Jakobus 3:5–6**

Is jy 'n vuurvreter of 'n vuurslaner?

'n Vuurvreter is iemand wat tydens groot byeenkomste vuurbolle uit sy mond die naglug inblaas. Dit is baie skouspelagtig.

Ons kan ook met die verkeerde gebruik van ons tong vuurvreters word. Jakobus skryf dat my tong ook 'n vuur is. Met 'n geskinder, deur ander se woorde te verdraai, deur ander te belieg, lasterlike dinge te sê en kwaad te stook, blaas ons vure aan. Dit is nie net bloot vir die vermaak nie, maar dit is vure wat alles verteer wat voorkom.

Die tong kan ander om jou geestelik stukkend en selfs dood brand. Dit kan ook vir jouself gevaarlik wees. As dit verkeerd gebruik word, besoedel dit jou liggaam met sonde. Jakobus sê dit is soos 'n veldbrand wat deur jou hele lewe hardloop. Die hele lewe van die mens gaan dan in vlamme op.

In plaas van vuurvreters moet ons vuurslaners wees. Ons moet die gevaarlike vure wat die tong aanjaag, uitblus soos 'n brandweerman alle gevaarlike vure onder beheer bring. Jakobus gebruik die beeld van 'n wilde wegholperd as voorbeeld om vir ons te verduidelik hoe ons as vuurslaners moet optree. Ons moet hierdie wilde perd met 'n stang in toom hou. Die stang is 'n stukkie yster wat in die perd se gevoelige bek kom waarmee ons hom kan beheer. Daarsonder is jy eintlik magteloos teenoor hierdie sterk dier se krag.

Om met stange ons tonge te beheer, is om selfbeheersing toe te pas in wat ons sê. Ons moet ons tonge beheer, sodat ons nie skielik in 'n stortvloed van skelwoorde of verwyte almal voor ons verwoes nie.

Wees dan vandag 'n vuurslaner deur met selfbeheersing baas te wees van jou tong. Beperk jou tong sodat jy nie skadelike dinge sê nie. Gee dit vrye teuels sodat dit net die waarheid praat en sodat jy jou naaste se eer en goeie naam na jou vermoë kan verdedig en bevorder. Loof en prys die Here dan elke dag vir sy grootheid en goedheid.

Sing: Psalm 34:6

Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)